

19 Februarie

1 Korintiërs 15:21-34, 55-58

Ons werk - Sinvol! (3)

Die leë graf van Jesus trek die angel (sonde) uit die dood. So skryf Paulus aan 'n gemeente wat gemeen het hul werk en lewe is doelloos.

"Laat ons eet en drink, want more sterf ons!" (32) - 'n bekende spreuk destyds, 'n lewensinstelling van hooploosheid en fatalisme.

Hierdie lewensinstelling groei tans weer welig in Suid-Afrika, veral onder blanke Afrikaners: hier is tog nie 'n toekoms vir ons kinders nie. Dis 'n kwessie van tyd, dan stort alles in duie. Laat ons dus so gou moontlik soveel moontlik bymekaar maak en trek na 'n veiliger plek om lekkerder te leef voordat ons sterf. Al weer werk om te leef, in plaas van leef om te werk...

Jesus se opstanding slaan hierdie houding die nek in. 'n Christusmens durf nie hooploos werk om net te bestaan nie. Ons Verlosser is die lewende Hoop van ons toekoms. Sy opstandingskrag maak ons werk in SA die moeite werd!

Ek koop en bou en beplan nuwe projekte - want Jesus het vir my lewe anderkant my graf verdien.

Ek werk met vars ywer in my kantoor of klas, kombuis of fabriek - want Jesus het die dood oorwin en ek gaan eendag uit my graf opstaan. Ek kook kos, versorg my man en kinders, elke dag oor en oor, met nuwe energie - want Jesus se opstandingskrag vloei in my geloofsare.

Ek werk saam met ander mense hier in Afrika - want Christus hou vir my genadeloon gereed op die nuwe aarde onder die nuwe hemel.

Sing: Psalm 128:1

Ds. J. Botha (Laeveld)